

HOOFSTUK IX.

STAATSPRESIDENT EN REGTERLIKE GESAG.

Aan die ~~Staats~~staatspresident van die Z.A.R. is nie, soos in die geval van die wetgewing, 'n aandeel aan die regspraak van die staat toegeken nie. Terwyl alle amptenare van die staat aan hom ondergeskik was, het die Grondwet die onafhanklikheid van die Regbank verseker deur te bepaal dat alle amptenare wat met die regspraak belas was, in die uitoefening van hulle taak geheel en al vry en onafhanklik was. Dit is 'n beginsel wat dwarsdeur die hele bestaan van die Z.A.R. gegeld het.¹⁾

Die onafhanklikheidserkenning van die Regbank het meegebring dat die staatspresident geen direkte invloed op die regspraak kon uitoefen nie, maar tog het hy met die organisasie van die regswese veel te doen gehad en kon hy langs 'n indirekte weg groot invloed op die regswese oor die algemeen uitoefen. Dit was ook die geval in die Republiek van die O.V.S.²⁾

1. Die Regterlike mag; posisie van die Vrystaatse President.

Aanvanklik was die regspraak in albei Boerestate maar swak georganiseer en meestal in die hande van persone wat geen juridiese opleiding gehad het nie en wat oor weinig, indien enige regskennis beskik het. Nog voor die aanvaarding van die Grondwet

1) Grondwet, 1858, art. 62; *ibid.*, 1889, art. 57 (Locale Wetten der Z.A.R. 1858-1889, bl. 181); Wet 2/1896, art. 82 (*ibid.*, 1896, bl. 44). N.a.v. 'n memorie wat deur 'n sekere Sandbrink in 1886 aan die Volksraad ingestuur is, waarin hy klagte teen die uitspraak van 'n landros ingedien het, het pres. Kruger meegedeel dat 'n soortgelyke skrywe deur die Regering van Sandbrink ontvang is maar dat die Regering niks daaraan kon doen nie "naardien se zich niet kon inlaten met het gerecht. Er was gelegenheid voor appel by het Hof. De Raad zit hier niet als een Hof van Appel; hoe zou dus het vonnis kunnen omverwerpen, zelfs al was de zaak ten onrechte uitgewezen? ... Noch Volksraad, noch Regeering kan de uitspraak omverwerpen, dat kan alleen het Hooge Hof, of men moet de wet veranderd het laatste beroep is het Hoog Gerechtshof." (Aangehaal deur Smit: t.a.p., bl. 174).

2) Scholtz: a.w., bl. 126

van die Z.A.R. het C.J. Brand, voorsitter van die Kaapse Wetgewende Vergadering, die Transvaalse Trekkers by wie alle regspraak nog in die hande van die landdroste en heemrade was, aangeraai om n onafhanklike regbank in die lewe te roep met n bekwame regsgeleerde as hoofregter, maar hoe graag aan dié wenk uitvoering gegee wou word, het die geld in die Republiek ontbreek om so n regsgeleerde in diens te neem.³⁾ In 1857 en daarna het finansiële toestande nog geen verbetering getoon nie,⁴⁾ sodat by die totstandkoming van die eerste Grondwet van die Z.A.R. die Regterlike mag gelaat is in die hande van landdroste, heemrade en gesworenes, bygestaan deur klerke en geregsbodes, en wanneer nodig ook deur die veldkornet.⁵⁾ In elke distrik sou daar n Hof van die Landros wees en n Hof van die Landros en ses maar minstens vier Heemrade, en teen die vonnis van hierdie howe kon in hoër beroep gegaan word na die Hooggeregshof, wat saamgestel sou wees uit drie landdroste en twaalf gesworenes. Laasgenoemde hof se uitspraak sou in alle gevalle finaal wees.⁶⁾ Daarby is aan die veldkornet opdrag gegee om private geskille tussen burgers in sy wyk soveel moontlik by te lê om sodoende prosesse te voorkom.⁷⁾ Elkeen van bogenoemde howe se jurisdiksie is ook behoorlik in die Grondwet omskrywe.⁸⁾

3) Kyk hoofstuk IV, bll. 189 e.v. van hierdie werk.

4) Vgl. bv. Pelzer: a.w., bll. 74 e.v.

5) Grondwet, 1858, art. 127.

6) Ibid., art. 143.

7) Ibid., art. 145; Veldkornetsinstruksie, 1858, art. 26 (Locale Wetten der Z.A.R. 1848-1885, bl. 94); Wet 2/1885 (Instruksies vir Veldkornette en Assistent-Veldkornette), art. 29 (ibid., bl. 1336).

Kyk die besondere leesenswaardige werk van F.A. van Jaarsveld: Die Veldkornet en sy Aandeel in die opbou van die Suid-Afrikaanse Republiek tot 1870.

(Argiefjaarboek vir S.A. geskiedenis, 13de jaargang, deel II, 1950) vir besonderhede i.v.m. die belangrike werk van die veldkornet.

8) Kyk uiteensetting by Botha: a.w., bll. 19 e.v.

n Poging van president Burgers om die Hooggeregshof en Rondgaande Hof te reorganiseer,⁹⁾ het in 1874 misluk, maar in 1877 het hy daarin geslaag om sy wysigingsvoorstelle in die Grondwet van die Republiek opgeneem te kry. Voortaan sou die regspraak in die hande wees van:

- (a) n Hooggeregshof, saamgestel uit drie regters;
- (b) n Rondgaande Hof, wat deur een regter behartig sou word;
- (c) die Hof van die Landdros.¹⁰⁾

Hierdie nuwe reëlins het weens die annekasie van die Republiek nie in werking getree nie, maar dieselfde samestelling van die regterlike gesag is in 1881 gehandhaaf, met slegs dié wysiging dat die Hooggeregshof saamgestel sou wees uit twee of drie regters, bygestaan deur n jurie wanneer burgerregterlike sake verhoor word indien een van die twee regspartyte dit vereis.¹¹⁾ Bogenoemde hofindeling is tydens die res van die bestaan van die Republiek gehandhaaf.¹²⁾

Ook in die O.V.S., waar die laer regspraak hoofsaaklik in die hande van die Howe van Landdros en Landdros en Heemrade,¹³⁾ en die hoër regspraak gedeeltelik deur die Rondgaande Geregshof van die Verenigde Landdroste uitgeoefen is,¹⁴⁾ was die staatspresident nie direk by die uitoefening van die regspraak betrokke nie. Anders as in die Z.A.R. het die Verenigde Hof van Landdroste in die O.V.S. nie ook as finale appélhof gedien nie, en is die behoefte gevoel dat n

9) Kyk Konsepwet (Staatscourant, 19 Aug. 1874).

10) Toevoeging tot Grondwet, 1877, hoofstuk V, art. 1 (Locale Wetten der Z.A.R. 1849-1885, bl. 682).

11) Wet 3/1881, afdeling "Regterlyke Magt," art. 1 (*ibid.*, bl. 1028).

12) Kyk Grondwet, 1889, art. 115 (Locale Wetten der Z.A.R. 1888-1889, bll. 189-190). Kyk ook Van der Walt: Die Ontwikkeling van Boere-bestuursinstellings (Geskiedenis van S.A. II, bll. 94-95).

13) Kyk Scholtz: a.w., bl. 176 e.v.

14) *Ibid.*, bll. 140 e.v.

Appélhof in die lewe geroep moes word, waarheen teen beslissinge van die Hof van die Verenigde Landdroste geappelleer kon word. Hierdie behoefte het veral voortgespruit uit die feit dat die landdroste geen regsgeleerdes was nie, en dat die landdroste wat die laer regspleging moes behartig noodgedwonge ook in die hoërhof moes optree, sodat die hele regspraak van die Republiek feitlik net in n paar hande berus het.¹⁵⁾ Hierdie besware, veral die eerste, het natuurlik ook t.o.v. die stelsel in die Z.A.R. gegeld, maar in laasgenoemde Republiek is die probleem eers in 1877 finaal opgelos deur die instelling van n nuut georganiseerde Hooggeregshof.

Aangesien die O.V.S. met dieselfde finansiële probleme as hulle buurstaat te kampe gehad het, kon hulle by die totstandkoming van die Republiek ewemin die salaris van n regter bekostig, aan wie se sorg n Hooggeregshof toevertrou kon word. Die enigste oplossing wat hulle vir die vraagstuk gesien het, was om die Staatspresident en Uitvoerende Raad voorlopig aan te stel tot

"een Hof van Appél en Cassatie tegen de besluiten van het Rondgaande Geregts-hof",¹⁶⁾ terwyl die Uitvoerende Raad onder voorsitterskap van die staatspresident ook sou optree as n regbank vir die verhoor van sake wat teen landdroste aanhangig gemaak sou word.¹⁷⁾

Met hierdie besluit het die Vrystaatse Volksraad hulle staatspresident direk by die uitoefening van die regspraak betrek en het dit hom in n baie moeilike ~~posisie~~^{posisie} geplaas. As die hoof van die staat was dit vir die president nodig om bo die onderlinge twiste van die burgers verhewe te wees, maar deur hierdie besluit het die Volksraad hom gedwing om midde in daardie

¹⁵⁾ Ibid., bl. 135.

¹⁶⁾ Volksraadsnotule (O.V.S.), 8 Sept. 1854 (S.A. Argiefstukke, O.V.S., no. 1, bl. 73). Kyk ook ibid., 12 Feb. 1856.

¹⁷⁾ Ibid., 12 Sept. 1854 (ibid., bl. 79).

twiste te staan en om as voorsitter van die Appélhof, ja eintlik as Hoofregter, uitspraak te gee wanneer sodanige geskille aan die beoordeling van die Uitvoerende Raad voorgelê word.¹⁸⁾ Hoewel die reëling, volgens die Volksraadsbesluit van 8 September bloot as n voorlopige maatreël beskou is, moes in die sewentiger jare nog steeds gewys word op die absurde reëling om die staatspresident as hoofregter te laat optree, en moes The Friend nog steeds wys op die praktiese gevare waaraan die staatspresident deur dié reëling blootgestel was. In 1870 is in alle erns voorgestel dat die staatspresident van die hoofregterskap onthef moes word:

"Het is ongetwyfeld een dwaze en onvoldoende schikking dat het Hoofd van de Uitvoerende Magt ook zoude zyn het Hoofd van de Regterlyke Magt, en een, berekend, om op vele wyzen, het grootste kwaad te veroorzaken. De Hr. Brand is een regtsgeleerde van vorming en ondervinding, en neemt klaarblykelijk de grootste moeite met zyne uitspraken in het Appelhof, in de hoop van allen gelyk regt te doen wedervaren; maar wat zal de uitslag wezen? Wel, in iedere zaak moet een der partyen in het proces verliezen, en in de meerderheid der zaken, zal de verliezende party voortaan de onverzoenlyke politieke tegenstander worden - zoo niet de partikuliere vyand - van hem, wien hy het vonnis toeschryft, waardoor hy verliest. Het gevolg hiervan zal het meest onwenschelyke wezen, dat, het Hoofd van het Bestuur in plaats van vrienden te maken, onwetend onverzoenlyke vyanden zal hebben gemaakt, die zullen verspreid wezen over de lengte en breedte van het land. De menschen vragen reeds. Hoe is het mogelyk dat een onzer voor-naamste en meest bekende regtsgeleerden, in het pas geadjourneerde Appelhof, al zyne zaken, buiten eene, heeft gewonnen? Sommigen zeggen, omdat hy alleen goede zaken neemt. Maar anderen heeft men hooren zeggen, dat hy (de regtsgeleerde) zeer dikwyls - indien vereischt - evenzo veel - of meer - aan den anderen kant konden zeggen. Wy melden deze zaak slechts om het gevaar te toonen dat bestaan door dat het Hoofd van het bestuur in het Hof van Appel moet voortzitten. In betwiste landzaken, zoo ver als onze ondervinding gaat stert de verliezende party nimmer toe dat hem recht is geschiedt, en waren er drie meer appelhoven, hooger dan het tegenwoordige, en ieder hooger dan de andere, zoo lang zyne fondsen duurden zoude hy door alle gaan. Nog onlangs worden wy in het Appelhof de zaak van Norval vs. Pienaar oproepen. Oude ingezetenen van dezen stad zullen zich wel herinneren, dat de origineele twist omtrent grenzen tusschen

¹⁸⁾ Vgl. Scholtz: a.w., bll. 135-136.

deze twee partyen, begon voor ongeveer 20 jaren - wy gelooven in 1849 - en dat in 1850 daar eene speciale Commissie zat, op order van Sir H. Smith, om hunne twist te onderzoeken. Deze daadzaken in overweging nemende, durven wy te beweren dat het onmogelyk is het Appélhof zoo als nu zamen-gesteld te verdedigen. De Staatspresident moest de Hoofd Uitvoerende Ambtenaar wezen, en als zoodanig de vonnissen van het Hof gerespecteerd en uitgevoerd zien; maar het is buiten kwestie dat hy zelf het Hoofd der regterlyke magt zoude zyn. Niets konde dwazer en meer tegenstrydig zyn met goede principes, en de algemeene regel van zaken. Het is dus vurig te hopen, dat de Volksraad deze zitting niet zal voorby laten gaan zonder finale schikkingen te maken voor de onmiddellyke aanstelling van eenen hoofdregter." 19)

Afgesien van die kwade gevoelens wat die uitspraak van die staatspresident onder lede van die publike kon meebring, was die Appélhof in werklikheid nie n groot verbetering op die Hof van Verenigde Landdroste nie, omdat die lede van die Uitvoerende Raad ook geen regsgeleerdes was nie.²⁰⁾ Sedert 1854 was ook die Staatspresident geen regsgeleerde nie, maar vanaf 1864 was die O.V.S. in die gelukkige posisie dat hulle in die persoon van president Brand n uiters bekwame juris as voorsitter van die Appélhof gehad het, sodat die hof in meer as een opsig baie goeie werk gedoen het.²¹⁾ Veel direkte invloed het die Staatspresident egter op hierdie wyse nie op die regspraak van die Republiek uitgeoefen nie omdat sy optrede beperk was tot die appelsake wat deur die Uitvoerende Raad verhoor moes word, terwyl nêrens enige bewys is dat die laerhowe aan die uitsprake van die Appélhof gebonde was nie.²²⁾ Scholtz kon ook geen aanduiding vind dat die laerhowe uit eie inisiatief die uitsprake van die Appélhof nagevolg het nie,²³⁾ maar tog wil dit vir mens

19) The Friend, 5 Mei 1870 (hoofartikel). Vgl. ook ibid., 30 Julie 1874 (hoofartikel) en brief van "G" in Byvoegsel tot The Friend, 20 Sept. 1856.

20) Vgl. Scholtz: t.a.p., bl. 136.

21) Ibid.

22) Ibid., bll. 136 en 139.

23) Ibid.

heeltemal natuurlik voorkom dat regsonkundiges seker notisie sou geneem het van uitsprake wat deur veral Brand, wat boonop staatshoof was, gegee is. Op die wyse was dit heeltemal moontlik dat die ~~St~~taatspresident haas n onbepaalde invloed op die regspraak van die staat sou kon uitoefen.

Vanselfsprekend het die reëling ontsaglik veel tyd van die Staatspresident en Uitvoerende Raad in beslag geneem, wat andersins aan die behartiging van staatsake bestee kon word. Met die ontwikkeling van die staat het appélsake so toegeneem dat dit vir die Uitvoerende Raad soms weke lank nie moontlik was om met hulle eintlike werksaamhede voort te gaan nie,²⁴⁾ terwyl dit weer by ander geleenthede vir die Staatspresident nodig was om die appélhofsittinge vir lang tydperke te verdaag.²⁵⁾ Hierdie toestand van sake was enersyds nie bevorderlik vir die belange van die Republiek, wat onder die Brand-bewind so in materiële welvaart toegeneem het dat dit die staatshoof se aandag elke oomblik nodig gehad het nie, en andersyds kon die ongereeldheid van Appélhofsittinge die ontwikkeling van die regspraak beslis nie ten goede gekom het nie.

Hoewel die ~~St~~taatspresident en lede van die Uitvoerende Raad, as hulle as Appélhof gesit het, heeltemal in n ander kapasiteit opgetree het blykens die spesiale eed wat deur hulle afgelê moes word vóór hulle as lede van die Appélhof sake kon verhoor,²⁶⁾ het al die hierbo beskrewe omstandighede tog die gevaar meegebring dat dit die onafhanklikheid van die

24) Ibid., bl. 137. Volgens n verslag in The Friend, 29 Feb. 1872, noem Scholtz as voorbeeld dat in Februarie 1872 nie minder as 75 appélsake deur die Staatspresident en Uitvoerende Raad verhoor is nie.

25) The Friend, 16 Okt. 1873, maak melding van die geval toe president Brand in Aug. 1872 weens siekte verplig was om die Appélhof vir n onbepaalde tyd te verdaag. Die sitting op 29 Aug. 1872 was meteens ook die laaste sitting van die Staatspresident en Uitvoerende Raad as appélhof (Scholtz: a.w., bl. 140).

26) Kyk Scholtz: a.w., bll. 137-138 vir bewoording van die eed.

Regbank in ernstige gevaar kon stel. Gelukkig het dit nie gebeur nie omdat die Appélhof in die praktyk weinig invloed op die algemene regspraak uitgeoefen het.²⁷⁾

Hoewel die Staatspresident en Uitvoerende Raad self die moeilikhede i.v.m. hulle optrede as Appélhof deeglik besef - en sedert 1859 telkens pogings aangewend het om n afsonderlike Appélhof daargestel te kry,²⁸⁾ en hoewel van die kant van die publiek ook versoeke gekom het om die Appélhof so gou as moontlik aan n bekwame regter oor te dra,²⁹⁾ het die Volksraad weens finansiële moeilikhede nog nie hulle weg oopgesien om n regter of regters aan te stel nie.³⁰⁾ Dit was eers in 1873 wat president Brand die lang gekoesterde ideaal kon bereik toe die Volksraad ingestem het om adv. F.W. Reitz aan te stel as eerste hoofregter van die O.V.S. en as voorsitter van die Appélhof, wat intussen ook n reorganisasie ondergaan het en in 1875 deel van die Hooggeregshof geword het.³¹⁾ Daarmee het die staatspresident se direkte invloed op die regspraak, hoe gering ook al, verdwyn en was die onafhanklikheid van die Vrystaatse Regbank verseker.

2. Staatspresident en amptenare by regspraak betrokke.

(a) Die Staatsprokureur.³²⁾

27) Ibid., bl. 139.

28) Vir besonderhede kyk ibid., bll. 139; 154 e.v.

29) Vgl. bv. Memorie aan Volksraad, gepubliseer in The Friend 22 Feb. 1861.

30) Volksraadsnotule (O.V.S.), 16 Feb. 1863: "De Volksraad in overweging genomen hebbende de Concept-ordonnantie tot het daarstellen van een Hof van hoogste ressort, is van oordeel dat een Hoofregter allernoodzakelykst is, doch in aanmerking genomen hebbende het kostbare van zoodanigen ambtenaar aan te stellen, tusschen wiens salaris en dat van den hoogsten ambtenaar des Staats eene verhouding moet bestaan, en de inkomsten des lands niet van dien aard zyn voor het oogenblik, 's lands kas aan zoo groote uitgaven onderhevig te maken, daar de inkomsten daarvoor niet toereikend zyn, kan niet anders besluiten, dan om de algemeene strekking der Concept-ordonnantie van de hand te wyzen."

31) Scholtz: a.w., bll. 163-164 e.v.

32) Oor ander amptenare, soos die resident-vrederegter, vrederegter, griffier, hoofbalju, geregsbodes, takseermeester, meester van die Hooggeregshof, ens., handel ons nie hier nie omdat hulle onder die kategorie van amptenare val wat alreeds in hoofstuk VII van hierdie werk bespreek is.

Terwyl die behoefte aan n staatsprokureur in die O.V.S. eers twee jaar na die totstandkoming van die Republiek en die Konstitusie gevoel is en daar toe vir so n amptenaar voorsiening gemaak is,³³⁾ het die Grondwet van die Z.A.R. alreeds in 1857 toe dit aanvaar is, gespreek van n staatsprokureur,³⁴⁾ sonder om sy funksie baie duidelik te omskrywe, maar tog duidelik genoeg om te verstaan dat hy openbare aanklaer nommer een van die Republiek sou wees.³⁵⁾ Later is sy funksie duideliker omskrywe³⁶⁾ terwyl daar van tyd tot tyd deur n hele aantal wette sekere bevoegdhede aan hom verleen is. Die belangrikste funksie van die amptenaar was

"om te prosequeren in naam en ten behoeve van het volk der Z.A.R."³⁷⁾

Hoewel die staatsprokureur nie n deel van die Regbank gevorm het nie, was hy inderdaad n lid van die regterlike mag omdat sonder hom in geen kriminele saak regspraak beoefen kon word nie.³⁸⁾ Sover as moontlik moes hy naamlik in alle kriminele sake wat in alle howe voorgekom het, die vervolging self waarge-

33) Ordonnansie 4/1856 (O.V.S.). Kyk ook Scholtz: a.w., bl. 179.

34) Die eerste staatsprokureur van die Z.A.R. was blykbaar J.H. Visagie, van wie se aanstelling in die Staatscourant van 2 Okt. 1857 kennis gegee is.

35) Kyk Grondwet (Z.A.R.), 1858, art. 93. In art. 232 van die Grondwet word die salaris van die staatsprokureur bepaal op Rds. 2666-5-2, met die voorbehoud dat "hem geoorloofd zal zyn, om private agentschappen, en civiele zaken waar te nemen." In 1876 het die Volksraad egter hierdie vergunning aan die staatsprokureur om n private praktyk aan te hou teruggetrek (Volksraadsnotule, art. 119, 7 Junie 1876 - Locale Wetten der Z.A.R. 1849-1885, bl. 661). Ook in die O.V.S. was die staatsprokureur tot 1885 toegelaat om t.o.v. burgerregtelike sake privaat te praktiseer (Scholtz: t.a.p., bll. 181-182 en voetnoot 1 op bl. 182).

36) Kyk Ordonnansie 5/1864 (Locale Wetten der Z.A.R. 1849-1885, bll. 271 e.v.); Wet 1/1874 (*ibid.*, bll. 541 e.v.); Wet 8/1887 (*ibid.*, 1886-1887, bll. 130 e.v.).

37) Ordonnansie 5/1864, art. 10 (Locale Wetten der Z.A.R. 1849-1885, bl. 273); Art. 2 van Ordonnansie 4/1856 (O.V.S.) bepaal dat die staatsprokureur met mag bekleed en as plig sou hê "om te prosequeren in den naam van het Gouvernement van den Oranjevrystaat alle misdaden welke wettiglyk mogen worden gebragt voor eenig Geregthof in den Oranjevrystaat...." (Kyk Scholtz: a.w., bll. 179-180).

38) Josson: a.w., bll. 115-116.

neem het, en wanneer dit vir hom onmoontlik was, dit laat waarneem.³⁹⁾ Dit was ook aan hom opgedra om te besluit of n vervolging ingestel of voortgesit moes word of nie.⁴⁰⁾ Kort gestel was die staatsprokureur se eintlike taak die opsporing en vervolging van wets-oortreders en het hy in die opsig n uiters belangrike funksie van die staatspresident, as verantwoordelike persoon vir die uitvoering van wette oorgeneem. Ten opsigte van al sy handeling was hy dan ook alleen aan die staatspresident verantwoordelik en kon laasgenoemde telkens, wanneer hy dit nodig geoordeel het, van die staatsprokureur n verslag van sy werksaamhede geëis het.⁴¹⁾

(b) Landdroste.

Die landdroste in wie se hande die laer sowel as die hoër regspraak in die Z.A.R. tot 1877 berus het, en wat sedert 1881 slegs vir die laer regspraak verantwoordelik was,⁴²⁾ het in n tweeledige verhouding tot die staatspresident gestaan. As amptenare belas met suiwer administratiewe pligte was hulle geheel en al verantwoordelik en ondergeskik aan die staatspresident as hoof van die administrasie en moes hulle hom in alles gehoorsaam.⁴³⁾

³⁹⁾ Ordonnansie 5/1864 (Z.A.R.), art. 10; Wet 8/1887, art. 1 (Locale Wetten der Z.A.R. 1886-1887, bl.130). T.o.v. sake in die Hooggeregshof moes die staatsprokureur selfs as aanklaer optree, en in die laer howe alleen wanneer hy dit in belang van die regspraak geag het of wanneer hy deur die staatspresident gelas was om dit te doen. (Wet 8/1887, art. 7).

⁴⁰⁾ Ordonnansie 5/1864 (Z.A.R.), artt. 12 en 15; Wet 8/1887, art. 1. In die O.V.S. het die Volksraad ook besluit dat die reg om te vervolg geheel en al onder die staatsprokureur se "eigene besturing en bedwang (zal) zyn." (Scholtz: a.w., bl. 180).

⁴¹⁾ Ordonnansie 5/1864, art. 30; Wet 8/1887, art. 2. Oor die kwessie van die verantwoordelikheid van die staatsprokureur aan die president het daar aanvanklik twyfel bestaan, maar in 1864 het die Volksraad d.m.v. n besluit bepaal dat die staatsprokureur wel aan die van die staatspresident ondergeskik was. (Kyk bl. 313 van hierdie werk.

⁴²⁾ Kyk bl. 412 van hierdie werk.

⁴³⁾ Kyk hierbo, bl. 329-330.

As amptenare bekleed met regsprekende bevoegdheid, was hulle kragtens die Grondwet in die uitoefening van die regspraak heeltemal onafhanklik van die staatspresident of wetgewende mag.⁴⁴⁾ Die feit dat die staatspresident nie die mag gehad het om self landdroste aan te stel nie,⁴⁵⁾ en die feit dat hulle oor die algemeen geen regsgeleerdes was nie, het daartoe gelei dat, alhoewel baie van die landdroste goed reggespreek het, die regspraak nie altyd in die bekwaamste hande was nie, n probleem wat opgelos sou kon word as die staatspresident van die Z.A.R. dieselfde mag as die Vrystaatse president gehad het om self landdroste aan te stel. Hy het wel kragtens sy algemene bevoegdheid om amptenare in hulle betrekking te skors, die reg gehad om n landdros uit sy betrekking te ontslaan,⁴⁶⁾ maar dit was nie altyd so n eenvoudige saak nie. Eerstens het hy, as die ontslag van n landdros op die spel was, met die publiek te doen gekry omdat so n landdros, net soos die president self, die gekosene van die publiek was, en tweedens het hy die toestemming van die Volksvertegenwoordigers nodig gehad alvorens n landdros finaal van sy amp onthef kon word. By etlike geleenthede het dit dan ook gebeur dat n voorlopige skorsing van n landdros deur die staatspresident ernstige repurkussies in die Volksraad gehad het.⁴⁷⁾ Dit moet egter goed in gedagte gehou word dat sodanige ontslag nie kon plaasvind as die landdros n uitspraak gegee het wat nie die goedkeuring van die staatspresident weggedra het nie.⁴⁸⁾ Indien n landdros n swak regsprekende amptenaar, maar sy behartiging van die algemene landsadministrasie van so n aard was dat dit sy ontslag nie moontlik gemaak

44) Kyk bl. 329-330 en 411 van hierdie werk.

45) Ibid., bl. 330 e.v. Vgl. Volksraadsnotule (Z.A.R.), art. 256, 12 Feb. 1868 (Locale Wetten der Z.A.R. 1849-1885, bl. 307); E.V.R.12: Volksraadsnotule, art. 101, 3 Junie 1876; De Volksstem, 10 Junie 1876 (eerste paragraaf).

46) Kyk bl. 321 van hierdie werk.

47) Kyk hoofstuk VII, voetnoot 132 van hierdie werk.

het nie, was hy van sy pos verseker, tensy hy in die regspraak buite die bevoegdhele wat deur die wet hom toegeken is, sou optree.

Die feit dat die staatspresident nie die reg gehad het om landdroste aan te stel, of om hulle van een distrik na 'n ander te verplaas nie;⁴⁹⁾ dat landdroste gewoonlik in die betrokke distrik waarvoor hulle as landdros opgetree het woonagtig was en derhalwe in baie gevalle deur familie-, handels-, vriendskaps- en ander belange aan die inwoners van daardie distrik verbonde was; en die feit dat hulle geen regsgeleerdes was nie, het meegebring dat geen onpartydige en bekwame regspraak in meer as een geval verwag kon word nie. Regsonsekerheid wat uit hierdie toestand ontstaan het, het nie alleen bekommernis aan die inwoners van die Republiek besorg nie, maar kon ook vir die staatspresident baie moeilikheid besorg i.v.m. die behoorlike uitvoering van wette. Bo alles kon 'n landdros, omdat hy in sy regsprekende hoedanigheid nie aan die kontrole van die staatspresident onderhewig was nie, die wêreld vir laasgenoemde baie onaangenaam gemaak het, veral as hy 'n invloedryke persoon in sy distrik en van die ondersteuning van die grootste gedeelte van die inwoners van die distrik verseker was.

Daarom het De Volksstem aanbeveel dat, terwyl die volk onder geen omstandighede van sy reg om die benoeming van landdroste goed of af te keur afstand wou doen nie, die heersende stelsel so gewysig moes word dat die voorstelling van kandidate deur die Regering aan drie bepaalde vereistes moes voldoen, nl.:

48) Vgl. ook De Volksstem, 24 Mei 1882 (hoofartikel). Botha (a.w., bl.90) beweer dat die landdroste "deur die volk gekies en as gewone amptenare beskou (is), daar hulle ook ander werk dan regspraak verrig het. Hulle was deur die President afsetbaar, want hy kon hulle as enige andere amptenare op enige tyd ontslaan, wanneer hy meen, dat hulle nie in belang van die landhandel nie." In die lig van bostaande gegewens kan hierdie stelling nie sonder meer onderskryf word nie.

49) Landdroste is nl. vir 'n onbepaalde tyd, elkeen vir 'n bepaalde distrik benoem.

- (a) dat albei kandidate wat vir 'n bepaalde distrik voorgestel word, sover moontlik uit 'n ander, verkieslik 'n verafgeleë distrik afkomstig moes wees;
- (b) dat albei manne moes wees in wie se trou en regskaapenheid die Regering volle vertroue sou hê;
- (c) dat hulle bekwaam moes wees om reg te spreek.⁵⁰⁾

Dit het egter slegs by 'n aanbeveling gebly.

Uiteindelik, veertien jaar nadat bogenoemde aanbevelings deur die pers gedoen is, moes ook die publiek erken dat die toenmalige stelsel nie bevredigend gewerk het nie en het 'n paar memories by die Eerste Volksraad ingekom, waarvan die volgende tipies was van die versoeke wat gestel is:

- "(a) Dat het tot algemeen belang, en tevredenheid wenschelyk is, zoo wel in het uitspreken van civiele als cremenele vonnissen,
- (b) Dat de Ed.Achth. Volksraad een speciaal besluit zal neerliggen dat een Landdrost voor niet langer als vyf (5) achter een volgende jaren zal aangesteld wordt, en zal zyn plaats dan vacant zyn.
- (c) Memorialisten overtuigd zynde dat er Landdrosten zyn, die door hun lang verblyf op en (sic!) dezelfde plaats zich aan één party schaard, tot ongerieffe van het publiek.
- (d) Dat door het neerliggen van zulk een besluit zy beter op hun werk zal passen tot setesfactie van Regering en publiek.
- (e) De Landdrosten die reeds meer dan vyf jaren dienen herkiesbaar zal zyn."⁵¹⁾

Byna in al die memories is gevra dat die ampstermyn van landdroste beperk moes word tot tydperke van drie tot vyf jaar, terwyl ook versoek is dat dié amptenare van die een na die ander distrik verplaas moes kon word.⁵²⁾ En almal het as rede vir hulle versoek aangegee dat die onbepaalde ampstermyn waarvoor landdroste benoem is, nie vir die regswese bevorderlik was nie en ook nie in belang van die algemene welsyn nie. Tog was daar nog burgers wat teen so 'n wysiging van diensvoorwaardes van

⁵⁰⁾ De Volksstem, 24 Mei 1882 (hoofartikel).

⁵¹⁾ E.V.R.446/95: Memorie, d.d. Piet. Retief-distrik, 12 April 1895 (36 handtekeninge); E.V.R.1198/95: ibid., d.d. Ermelo, 25 Feb. 1895 (89 handtekeninge).

⁵²⁾ Bv. E.V.R.313/95: Memorie, d.d. Utrecht-distrik, 11 April 1895 (76 handtekeninge); E.V.R.1050/95: ibid., d.d. Waterberg-distrik, April 1895 (4 handtekeninge); E.V.R.935/95: ibid., d.d. Vryheid-distrik, Maart 1895 (50 handtekeninge). Vgl. ook Notule Eerste Volksraad, art. 471, 3 Junie 1896.

landdroste beswaar gehad het.⁵³⁾

Toe hierdie memories in die volgende jaar onder die aandag van die Eerste Volksraad gekom het, wou dié liggaam nie sommer dadelik so n ingrypende besluit neem nie, en is op aanbeveling van die Memorie-kommissie besluit dat n wysiging van art. 40 van Wet 2/1896 aan die publiek voorgestel moes word, waarin voorsiening gemaak moes word vir die aanstelling van landdroste deur die Regering, net soos in die geval van ander amptenare, asook dat die Regering die reg sou hê om landdroste van een na n ander plek te verplaas.⁵⁴⁾ Sover vasgestel kon word, het van hierdie aanbeveling niks tereg gekom nie, behalwe dat in 1899 aan die staatspresident met die Uitvoerende Raad die reg verleen is om landdroste self aan te stel.⁵⁵⁾

Een metode waarvan die staatspresident gebruik kon maak om die hierbo uiteengesette moeilikhede gedeeltelik te bowe te kom, was om van sy bevoegdheid gebruik te maak om waarnemende landdroste in vakante betrekkinge aan te stel en die voorstelling van kandidate aan die publiek as permanente landdros te vertraag. So n weg kon egter nie aanhoudend gevolg word nie. Hierdie metode, waarvan bv. deur president Burgers gebruik gemaak is o.a. ten opsigte van die vakante landdrossetel te Zeerust, het hom slegs die ongenoë van die publiek op die hals gehaal toe laasgenoemde ernstige protes teen sy handelswyse aangeteken het. Onder andere het hulle die Waarnemende Landdros belet om sy intrek in die kantoor te doen; het hulle geëis dat een van die heemrade per kerende pos as waarnemende landdros aangestel moes word; en

"indien U.HEd. onze keust en verzoek ter zyde steld ... zal wy verplegt zyn den perzoon die wy verkiest die betrekking te doen aanvaarden na hy den eed in handen van U.E. hebben afgelegd bepaald in verband met art. 139 van de

⁵³⁾ Bv. E.V.R.230/95: *ibid.*, d.d. Lichtenburg, 9 April 1896.

⁵⁴⁾ Notule Eerste Volksraad, artt. 506-507, 4 Junie 1896.

⁵⁵⁾ Kyk bl.332 van hierdie werk. Die posisie in die O.V.S. is alreeds kortliks uiteengesit op bll. 332 e.v. van hierdie werk.

Grondwet."56)

President Burgers het hierdie houding van die memorialiste en die dreigement dat hulle die wet in eie hande sou neem ernstig gelaak, maar nietemin aan hulle versoek voldoen om die persoon van hulle keuse aan te stel, net

"om U te toonen dat ik Uwe belangen op het hart draag ..." 57)

Volgens n berig in die pers het president Kruger van n ander metode gebruik gemaak om die regspraak van die landdroste van genoemde besware te bevry deur n persoon na sy keuse as landdros deur die publiek aanvaar te kry. Die metode wat hy gevolg het, is beskryf as

"de tegenwoordig meestal gevolgde taktiek,"
wat

"eigenlyk hetzelfde gevolg heeft als een directe benoeming van Regeeringswege." 58)

Hierdie taktiek was die volgende: ooreenkomstig die voorskrif van die Grondwet, word die name van twee kandidate aan die volk voorgedra. Die een kandidaat is die persoon wat die President graag in die betrekking wil sien, en die ander een iemand van wie dit vooraf aan die President bekend is dat die publiek hom nooit as landdros sal aanvaar nie. Sodoende het die President dan seker gemaak dat die deur hom gewilde kandidaat tot die betrekking benoem kon word.⁵⁹⁾

Hierdie metode was ongetwyfeld meer effektief as dié van president Burgers.

Op nog n enkele saak, waardeur die staatspresident van die Z.A.R. sy invloed op die regspraak voor 1877 kon laat geld, moet hier gewys word. Dit het betrekking op die hoër regspraak wat voor 1877 deur die Hooggeregshof, waarop drie landdroste sitting

56) R. 3090/76: memorie van C.J. Weyer, E.F. Potgieter en 275 ander persone, d.d. Zeerust, 1 Nov. 1876. Vgl. ook brief van "Geen Albedil" in De Volksstem, 17 Jan. 1874.

57) B.B.S.S.2719, kopie van brief no.3003: Staatspresident aan Memorialiste van Zeerust, d.d.10 Nov. 1876.

58) De Volksstem, 15 Maart 1893 (hoofartikel)

59) Ibid.

gehad het, uitgeoefen is. Wanneer sake voor 'n Hooggeregshof moes kom, het die President nie alleen die plek en tyd van die sitting van die hof bepaal nie maar moes hy ook die betrokke landdroste, wat op dié hof sitting moes neem, aanskrywe om dit te doen.⁶⁰⁾ Met die inwerktrading van die nuwe georganiseerde Hooggeregshof het hierdie reëling outomaties verval.

(c) Regters.

In die Z.A.R. is eers in 1877 met die reorganisasie van die Hooggeregshof, wat op aandrang van president Burgers geskied het,⁶¹⁾ vir regterskappe voorsiening gemaak. Hoewel in 1877 nie in die Grondwet bepaal is deur wie die regters aangestel moes word nie, is dit as vanselfsprekend beskou dat hulle eweas ander amptenare deur die staatspresident benoem sou word. Die eerste Hoofregter van die Z.A.R., John Gilbert Kotze, is in 1877 deur president Burgers self benoem tot die betrekking.⁶²⁾ Weens die anneksasie van die Republiek nog vóór Kotze in Pretoria gearriveer het, het hy tydens die anneksasie-periode as hoofregter onder die Britse administrasie opgetree,⁶³⁾ en kon hy die betrekking as hoofregter van die Republiek eers waarneem vanaf 1881, toe hy opnuut as sodanig deur die Staatspresident, verteenwoordig deur die Driemanskap aangestel is.⁶⁴⁾ Dit word nêrens vermeld of die staatspresident die advies en toestemming van die Uitvoerende Raad nodig gehad het om sodanige aanstellings te doen nie. Josson⁶⁵⁾ meen dat dit wel die geval was. Hy baseer sy bewering op die Proklamasie van 9 Augustus 1881⁶⁶⁾ en op artikel 1 van Wet 10/1896. Genoemde

⁶⁰⁾ Volksraadsnotule (Z.A.R.), art. 23(d), Sept. 1858, waardeur art.144 van die Grondwet (1858) gewysig is.

⁶¹⁾ Kyk bl. 413 van hierdie werk.

⁶²⁾ Kyk J.G. Kotze: Biographical Memoirs and Reminiscences, Kaapstad, s.j. bl. 417; Engelbrecht: T.F. Burgers, bl. 339; J.C. Dirks: Die Juridiese stryd tussen hoofregter Kotze en die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek (ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Univ. van S.A., s.j.), bl. 2-3.

⁶³⁾ Manfred Nathan: Paul Kruger. His Life and Times. Durban, 4de druk, 1944, bl. 395.

⁶⁴⁾ Proklamasie van die Staatspresident, verteenwoordig deur die Driemanskap, d.d. 9 Aug. 1881 (Locale Wetten der Z.A.R. 1849-1885, bl. 1011).

⁶⁵⁾ Kyk a.w., bl. 97.

⁶⁶⁾ Voetnoot 64 hierbo.

proklamasie maak geen melding van advies en toestemming van die Uitvoerende Raad nie, maar is alleen deur die Driemanskap uitgevaardig om sake i.v.m. die Hooggeregshof te reël, en waarin o.a. die aanstelling van 'n Hoofregter aangekondig word. In artikel 1 van Wet 10/1896, waarin aan die staatspresident die bevoegdheid verleen word om 'n sesde § strafregter vir die Republiek aan te stel, word bepaal dat hy dit met advies van die Uitvoerende Raad moes doen, maar van toestemming van dié liggaam word geen woord gerep nie.⁶⁷⁾

Word die aanstelling van verskeie regters nagegaan wil dit verder blyk dat die staatspresident van die Z.A.R. nie die toestemming van die Uitvoerende Raad nodig gehad het nie, maar dat hy in sommige gevalle tog eers die Uitvoerende Raad geraadpleeg het voor hy persone in die hoogs verantwoordelike betrekings aangestel het. Dit was blykbaar egter nie die reël nie, want van die vier aanstellings t.o.v. regterskappe wat in 1866 gedoen is, word slegs van een in die Notule van die Uitvoerende Raad melding gemaak.⁶⁸⁾ Die kennisgewings van genoemde vier aanstellings, nl. dié van C.J. Brand as eerste en E. Esselen as tweede strafregter,⁶⁹⁾ en na die bedanking van Brand,⁷⁰⁾ dié van E. Esselen en S.G. Jorrison as eerste en tweede strafregter onderskeidelik,⁷¹⁾ vermeld dat die aanstellings deur die Regering (d.i. Staatspresident en Staatssekretaris⁷²⁾ gedoen is, terwyl ander kennisgewings in die Staatscourant, as die advies en toestemming van die Uitvoerende Raad vir 'n saak nodig was,

⁶⁷⁾ Locale Wetten der Z.A.R. 1849-1885, bl. 84.

⁶⁸⁾ Uitvoerende Raadsnotule (Z.A.R.), art. 262, 3 Nov. 1886, waarin melding gemaak word van die aanstelling van Jorrison as tweede strafregter.

⁶⁹⁾ Regeringskennisgewing, no. 159 in Staatscourant, 4 Aug. 1886.

⁷⁰⁾ Uitvoerende Raadsnotule (Z.A.R.), art. 257, 6 Okt. 1886. Kyk ook bl. 444 hierna.

⁷¹⁾ Regeringskennisgewing, no. 232 in Staatscourant, 17 Nov. 1886.

⁷²⁾ Kyk bl. 327 e.v. van hierdie werk.

dit altyd vermeld.⁷³⁾

Ook t.o.v. die aanstelling van regters was die staatspresident, net soos in die geval van alle ander amptenare, gebonde aan die goedkeuring van die Volksraad. Hoewel dit nêrens in enige wet i.v.m. die Hooggeregshof voorkom nie, blyk dit egter duidelik uit die aanstellingskennisgewings waarin uitdruklik vermeld word dat n sekere persoon as regter aangestel word

"onder nadere bekrachtiging van den Edel Achtb. Volksraad." 74)

Tog is die kennisgewings waarin die aanstelling van bv. F.W. Reitz as vyfde strafregter⁷⁵⁾ en R. Gregorowski as hoofregter in 1898⁷⁶⁾ bekend gemaak word, nie gemeld dat dit onder nadere goedkeuring van die Eerste Volksraad plaasgevind het nie, maar toe president Kruger hierdie aanstellings in die Eerste Volksraad aangekondig het, het hy terselfdertyd die hoop uitgespreek dat die benoeming die goedkeuring van die Eerste Volksraad sou wegdra.⁷⁷⁾

Hoewel die ordonnansie waardeur die inrigting van die Hooggeregshof in die O.V.S. gereël word

73) Ook ander kennisgewings van die aanstelling van regters vermeld dat die aanstelling deur die Regering geskied het. Bv. Regeringskennisgewing, no. 259 (Staatscourant, 25 Sept. 1889); *ibid.*, no. 370 (*ibid.*, 15 Okt. 1890); *ibid.*, no. 196 (*ibid.*, 27 April 1898).

74) Bv. Regeringskennisgewings no. 159, 232, 295 en 370 (genoem in voetnote 69, 71 en 73 hierbo). Vgl. ook bekrachtiging van aanstelling van E.J.P. Jorissen as derde strafregter na n baie lang bespreking (Notule Eerste Volksraad, artt. 128-129, 25 Mei 1891).

75) Regeringskennisgewing, no. 123 in Staatscourant, 16 Maart 1898.

76) *ibid.*, no. 196 in *ibid.*, 27 April 1898.

77) Aanspraak van pres. Kruger, art.8, 2 Mei 1898 (opgeneem in Notule Eerste Volksraad, art. 9, 2 Mei 1898). Dit is interessant om op te merk dat Kruger in hierdie aankondiging gemeld het dat die twee here deur die Uitvoerende Raad aangestel is, terwyl die kennisgewinge (voetnote 75 en 76 hierbo) meld dat die aanstelling deur die Regering gedoen is. Wat Kruger blykbaar bedoel het, is dat die Uitvoerende Raad ook die benoemings goedgekeur het.

die indruk skep dat die staatspresident alleen verantwoordelik was vir die aanstelling van regters,⁷⁸⁾ blyk dit egter uit die praktyk dat hy ook vir dié aanstellings die goedkeuring van die Volksraad nodig gehad het.⁷⁹⁾

Die posisie wat die Suid-Afrikaanse Staatspresidente t.o.v. die aanstelling van regters ingeneem het, het met dié van hulle Amerikaanse kollega ooreengestem. Laasgenoemde het ook die reg gehad om kandidate vir aanstelling as regters by die Senaat aan te beveel en hulle met advies en toestemming van die Senaat aan te stel,⁸⁰⁾ met die verskil egter dat die Staatspresidente van die twee Boere-republieke die reg gehad het om hulle kandidate persoonlik in die onderskeie Volksrade te verdedig indien die Volksraad weieragtig was om die aanstellings goed te keur.

Hoewel die staatspresident dus geen direkte kontrole oor die uitoefening van die regspraak in die Z.A.R. en O.V.S. gehad het nie, kon hy indirek groot invloed uitoefen deur die aanstelling van regters in wie se hande die hoogste regspraak in die onderskeie state berus het.

Regters is in die Z.A.R. vir lewenslank aangestel.⁸¹⁾ Die Staatspresident het geen reg gehad

⁷⁸⁾ Ordonnansie 2/1875 (O.V.S.), art. 5 omskryf die kwalifikasies van persone wat as regters aangestel mag word, en bevat dan o.a. die volgende klousule: " ... om bysondere redenen zal de Staatspresident het regt hebben leden van de regterlyke magt te benoemen hoewel niet juist zòd oud of zoo lang hebbende gepractiseerd, als in dit artikel bepaald." (Hierdie Ordonnansie is as bylaag tot die Volksraadsnotule (O.V.S.), 1875, gepubliseer).

⁷⁹⁾ Vgl. bv. die bekragtiging deur die Volksraad van die aanstellings van R.H. Gregorowski as 3de regter (Volksraadsnotule (O.V.S.), 28 Mei 1881); M.T. Steyn as tweede strafregter (ibid., 9 Mei 1890); Steyn as eerste en A.J. McGregor as tweede strafregter (ibid., 5 Mei 1892); J.B.M. Hertzog en L.J. Jacobs as eerste en tweede strafregters onderskeidelik (ibid., 28 Mei 1896).

⁸⁰⁾ Konstitusie (V.S.A.), Artikel II, seksie 2(3).

⁸¹⁾ Toevoeging tot Grondwet, 1877, hoofstuk 5, art.4 (Locale Wetten der Z.A.R. 1849-1885, bl.683); Wet 3/1881, afd.: "Regterlyke Magt", art. 4 (ibid., bl.1028); Grondwet, 1889, art.115 (ibid., 1888-1889, bl.190); Wet 2/1896, art. 139 (ibid., 1896, bl. 5)).

om n regter, soos in die geval van ander amptenare, voorlopig in sy betrekking te skors nie, maar die Grondwet het bepaal dat die wyse waarop n regter by wangedrag of onbekwaamheid eervol of oneervol ontslaan kon word, deur die wet gereël sou word.⁸²⁾

Ten spyte van hierdie bepaling is daar versuim om by wyse van wetgewing vas te stel welke prosedure gevolg moes word indien omstandighede die ontslag van n regter sou vereis,⁸³⁾ sodat hoofregter Kotze en die vier Strafreghers (De Korte, Ameshoff, Jorissen en Morice) hulle op 16 Junie 1894 verplig gevoel het om n brief aan die Staatspresident te rig, gevolg deur n brief aan die Uitvoerende Raad,⁸⁴⁾ waarin laasgenoemde lig-

82) Toevoeging tot Grondwet, 1877, hoofstuk 5, art. 5; Wet 3/1881, afd.: "Regterlyke Magt," art. 5; Grondwet 1889, art. 115.

83) Hier moet egter melding gemaak word van die bepaling vervat in art. 29 van wet 8/1889 (Locale Wetten der Z.A.R. 1888-1889, bl. 107-108). Daardeur is regters van die Hooggeregshof benewens sekere ander amptenare verbied om direk of indirek goudkleims te besit, op die goudvelde handel te dryf, enige agentskap daar waar te neem, enige aandeel te hê in n mynmaatskappy of vennoot te wees in enige delwers- of handelsaak. By oortreding van hierdie verbod, sou regters na bevind van sake deur die Regering vir n sekere tydperk geskors of heeltemal ontslaan kon word. Teen hierdie bepaling het o.a. De Volksstem in n hoofartikel op 5 Aug. 1889 ernstige beswaar gemaak omdat dit die onafhanklikheid van die regbank vernietig en die ontslag van regters in die besondere gevalle aan die regering opgedra het. Die Volksraad het egter geen beswaar daarteen gehad nie en het die artikel met algemene stemme goedgekeur. (Volksraadsnotule, art. 1130, 24 Julie 1889). In 1891 is hierdie bepalings t.o.v. regters egter by n hersiening van die wet weggelaat (Kyk Konsepwet 8/1891, art. 24 - opgeneem in Notule Tweede Volksraad, art. 764, 14 Julie 1891, goedgekeur per Tweede Volksraadsbesluit, artt. 794-795, 15 Julie 1891). Ook die Eerste Volksraad het teen die wysiging geen beswaar ingebring nie. (Notule Eerste Volksraad, art. 1317 6 Aug. 1891).

84) E.V.R.R. 1362/94: Staatssekretaris aan Eerste Volksraad, d.d. 22 Aug. 1894, waarby kopie van die brief van die regters, d.d. 7 Aug. 1894 ingesluit is (ook opgeneem in Notule Eerste Volksraad, art. 1453, 23 Aug. 1894).

gaam versoek word om die oprigting van 'n besondere hof aan die Eerste Volksraad voor te stel sodat regters, wanneer hulle aangekla sou word van ampsmisdrywe, wangedrag of onbekwaamheid, voor dié hof tereg kon staan, want alleen wanneer die Volksraad so 'n besluit sou neem,

".... zyn al de belangen der burgers in een onbesproken hof van rechters en de onkrenkbaarheid van Rechters gewaarborgd."

So 'n reëling was beslis noodsaaklik want lede van die publiek het telkens klagtes teen regters by die Volksraad ingedien, waarop dan 'n openbare bespreking gevolg het, wat vir die regters beslis nie aangenaam en vir die regspraak nie bevorderlik was nie.⁸⁵⁾ Dié noodsaaklikheid is deur die Staatspresident sowel as deur die Eerste Volksraad besef,⁸⁶⁾ waarop onmiddellik oorgegaan is om 'n besondere hof in die lewe te roep, waardeur regters verhoor kon word. Weens gewone misdade en oortredinge sou 'n regter gewoonweg deur 'n ander regter verhoor word, maar wanneer hy van ampsmisdrywe, wangedrag of onbekwaamheid beskuldig word, moes sodanige beskuldiginge skriftelik by die Regering ingedien word. As die Regering oortuig was dat daar redelike gronde vir die aanklag bestaan het, moes die Regering, met advies en toestemming van die Uitvoerende Raad so 'n regter onmiddellik in sy amp skors. Van die skorsing moes dadelik aan die voorsitter van die Eerste Volksraad kennis gegee word sodat laasgenoemde liggaam dadelik maatreëls kon tref vir die samestelling van die besondere hof, wat sou bestaan uit vyf lede van die Eerste Volksraad, deur dié liggaam daartoe ge-

⁸⁵⁾ Vgl. bv. E.V.R.R. 606/93: memorie aan Eerste Volksraad van G. Schmidt en 15 ander persone, d.d. Heidelberg-distrik, 21 April 1893, waarin gevra word dat 'n kommissie benoem moes word om vas te stel of al die regters van die Hooggeregshof die vereiste bevoegdheid en kwalifikasies besit, of hulle geen skuld het nie, en wanneer gevind word dat 'n regter wel skuld het, dat hy geskors moes word. Vgl. ook die bespreking wat gevolg het in Notule Eerste Volksraad, art. 367, 16 Junie 1893 en artt. 369-370, 17 Junie 1893.

⁸⁶⁾ Notule Eerste Volksraad, art. 1453, 23 Aug. 1894.

kies, en hoogstens vier lede van die Hooggeregshof, deur gemelde hof daartoe aangestel, met uitsondering van die lid of lede wat voor die besondere hof moes tereg staan. Indien die betrokke regter deur die besondere hof skuldig bevind sou word, was dit die taak van die Regering om hom finaal uit sy amp te ontslaan.⁸⁷⁾

Selfs dié reëling het die bespreking van regters in die Eerste Volksraad nie uitgekakel nie want toe in 1898 n klagte teen regter E.J.P. Jorissen ingedien is waarin die Regering versoek is om hom deur die besondere hof te laat verhoor, en die Regering nie van die grondigheid van die klagte oortuig was om aan die versoek gevolg te gee nie, het die betrokke memorialis hom weer na die Eerste Volksraad gewend, waarop weereens n lang bespreking, ook t.o.v. die betrokke regter, gevolg het.⁸⁸⁾

Van bogenoemde prosedure is egter in 1897 afgewyk toe hoofregter Kotze, wat eers in verskeie uitsprake die mening toegedaan was dat die Hooggeregshof gewone Volksraadsbesluite as wette moes eerbiedig en dat n regter nie die bevoegdheid besit het om besluite van die Volksraad aan die Grondwet te toets nie,⁸⁹⁾ hom die toetsingsreg begin aanmatig het. In die saak Hess vs. die Staat⁹⁰⁾ het hy in 1895 o.a. in sy uitspraak gesê dat die regter bevoegd is om te oordeel of n wet in n behoorlike vorm aangeneem en behoorlik afgekondig is, en of dit met die Grondwet in stryd is of nie. Hierdie uitspraak is gelewer nieteenstaande die bepaling wat in 1890 deur die Volksraad neergelê is, naamlik:

87) Ibid., art.1454; Wet 2/1896, art.86 (Locale Wetten der Z.A.R. 1896, bl.45-46); Konsepgrondwet, 1899, art. 128, soos goedgekeur per Eerste Volksraadsbesluit, art. 898, 16 Aug. 1899. Die Eerste regter wat op die wyse gekors en deur die besondere hof verhoor is, was regter B. de Korte (Kyk De Volksstem, 27 Mei 1896 en 13 Junie 1896; Uitv. Raadsnotule, art. 424, 22 Mei 1896; Notule Eerste Volksraad, art. 317, 23 Mei 1896; ibid., artt. 319-320, 26 Mei 1896).

88) Kyk Notule Eerste Volksraad, art. 1058, 1 Sept. 1898; ibid., art. 1059-1060, 2 Sept. 1898.

89) Vgl. hoofregter Kotze se uitsprake in die sake A. McCorkindale vs. W.E. Bok N.O. in 1884 (Dirks:

"De Wettelyke kracht van een wet of besluit door den Staatspresident in den Staatscourant gepubliseerd, mag niet worden betwist, behoudens het recht van het volk om memories daaromtrent te maken." 91)

Toe hoofregter Kotze op 22 Januarie 1896 in die saak Brown vs. Leyds N.O.⁹²⁾ uitspraak gegee het, het hy hom die toetsingsreg ten volle toegeëien en het die Regering van die Z.A.R. hom verplig gevoel om die nuut ontstane toestand die hoof te bied,⁹³⁾ en het die Uitvoerende Raad besluit dat n Konsepwet in dié verband aan die Eerste Volksraad voorgelê moes word.⁹⁴⁾ Omdat die wetsontwerp deur die Staatspresident so dringend geag is dat dit nie kon wag om in die gewone sitting van die Volksraad wat in Mei 1897 n aanvang sou neem, voorgelê te word nie, is dit op 23 Februarie 1897 sonder vooraf publikasie in die buitengewone sitting van die Eerste Volksraad, wat die afhandeling van die begroting ten doel gehad het, ter tafel gelê. Op nog dieselfde dag het die Volksraad met 23 teen 4 stemme besluit dat hoewel die Konsepwet nie vooraf ter kennisname van die volk gepubliseer is nie,

"de behandeling van dit Concept geen uitstel kan lyden, om reden de rechtzekerheid in dezen Staat grootelyks is benadeeld door de beslissing van het E.A. Hoog Gerechtshof, in zake Brown vs. Leyds N.O., en het niet alleen wenschelyk, doch ook dringend noodzakelyk is, om aan dien toestand van zaken zoo spoedig mogelyk een einde te maken."95)

a.w., bll. 12-26; Botha: a.w., bll. 36-48 en Groenboek 1/1898 van die Z.A.R.); Doms vs. Bok N.O. in 1887 (Dirks: *ibid.*, bll. 33-42; Groenboek i/1898 van die Z.A.R.).

90) Kyk Dirks: a.w., bll. 42-44.

91) Wet 4/1890, art. 32 (Locale Wetten der Z.A.R. 1890-1893, bl. 26). Hierdie artikel is in 1896 in die Grondwet opgeneem (Wet 2/1896, art. 80 - *ibid.*, 1896, bl. 44).

92) Vir volle besonderhede kyk Groenboek 1/1898 van die Z.A.R.; Botha: a.w., bll. 52 e.v.; Dirks: a.w., bll. 45 e.v.

93) Van Oordt: t.a.p., bl. 782.

94) Uitvoerende Raadsnotule, art. 154, 22 Feb. 1897. Die Konsepwet is opgeneem in Notule Eerste Volksraad, art. 426, 23 Feb. 1897.

95) Notule Eerste Volksraad, art. 427, 23 Feb. 1897.

Na deeglike bespreking van die wetsontwerp en memories wat na aanleiding van genoemde uitspraak by die Eerste Volksraad ingedien is,⁹⁶⁾ is die wet op 26 Februarie 1897 finaal goedgekeur.⁹⁷⁾ Aan hierdie besprekinge het president Kruger, bygestaan deur die Staatssekretaris en die Staatsprokureur 'n baie belangrike aandeel geneem.

Hierdie wet het die Staatspresident ten opsigte van die toetsingsreg-kwessie in 'n baie sterk posisie teenoor die Regbank gestel. Die wetskrag van Volksraadsbesluite is weereens benadruk asook dat elke hof alle Volksraadsbesluite as wet moes eerbiedig.⁹⁸⁾ Die regterlike mag is verbied om die toetsingsreg uit te oefen⁹⁹⁾ en 'n nuwe eed waarin elke regter en landdros moes sweer dat hy hom dié reg nie sou aanmatig nie, is voorgeskryf.¹⁰⁰⁾ 'n Oortreding van artikel 1 van die wet deur 'n regter sou as 'n ampsmisdryf beskou word.¹⁰¹⁾ Die Staatspresident is in die besonder gemagtig om die regters wat ten tyde van die aanneming van die wet lede van die Hooggeregshof was

"te vragen of te doen vragen of zy het beskouwen te zyn overeenkomstig hun eed en hun plicht recht te spreken volgens de bestaande en later te maken Wetten en Volksraadsbesluiten en zich het zoogenoemd toetsingsrecht niet aan te matigen,"

en verder is aan hom opdrag gegee om

"die leden, waarvan Z.H.Ed. óf een ontkennend óf een Zyns inziens onvoldoend óf binnen den gestelden

96) Ibid., artt. 428-430, 23 Feb. 1897; artt. 431-437, 24 Feb. 1897; artt. 439-449, 25 Feb. 1897.

97) Ibid., art. 452, 26 Feb. 1897. Gepubliseer as Wet 1/1897 in Staatscourant, 3 Maart 1897 en Locale Wetten der Z.A.R., 1897, bl. 5-8. Na aanleiding van hierdie wet skryf Nathan (a.w., bl. 406); "This (d.i. die wet) was obediently passed by the Legislature." (Deur my gekursiveer).

98) Wet 1/1897, aanhef.

99) Ibid., art. 1.

100) Ibid., art. 2. Die eed is onveranderd opgeneem in Konsep-grondwet, 1899, art. 124 en goedgekeur per Eerste Volksraadsbesluit, art. 888, 15 Aug. 1899.

101) Ibid., art. 3.

tyd in het geheel geen antwoord ontvangt, uit hunne betrekking te ontslaan." 102)

Na onderhandelinge met verskillende regters, waaruit dit langsamerhand duidelik geword het dat die Staatspresident moontlik nie nodig sou gehad het om van die magte tot ontslag wat deur die wet aan hom toegeken is, gebruik te maak nie,¹⁰³⁾ het hoofregter Kotze in 1898 n brief aan president Kruger gerig waarin hy o.a. verklaar het dat hy sy toestemming om hom van die toetsingsreg te weerhou as vervalte beskou,¹⁰⁴⁾ waarop die Staatspresident van sy bevoegdheid gebruik gemaak en vir Kotze summier as Hoofregter van die Z.A.R. ontslaan het.¹⁰⁵⁾ President Kruger het tot hierdie stap oorgegaan nadat hy die saak eers met die Uitvoerende Raad bespreek het en dié liggaam hom met algemene stemme geadviseer het om dit te doen.¹⁰⁶⁾ In hierdie besondere geval was dit beslis nodig dat die Volksraad sodanige bevoegdheid aan die Staatspresident, as enigste persoon in die staat wat vinnig kon optree, verleen het, want die algemene omstandighede in die Z.A.R. was van so n aard dat indien n regter die mag gehad het om Volksraadsbesluite buite werking te stel, dit die totale ondergang van die Republiek kon beteken het.¹⁰⁷⁾

President Kruger se optrede in verband met die daarstelling van Wet 1/1897 het van meer as een kant ernstige beswaar uitgelok en het vir hom die be-

102) Ibid., art. 4.

103) I.v.m. die onderhandelinge, kyk Botha: a.w., bll. 69-78; Dirks: a.w., bll. 92-125.

104) Dirks: a.w., bll. 125-127; Groenboek 1/1898, bll. 95-96.

105) B.B.S.S. 1370, kopie brief 335/98; Groenboek 1/1898, bl. 97. Kyk ook Dirks: a.w., bll. 129-130; Botha: a.w., bll. 78-79.

106) De Volksstem, 16 Feb. 1898 (hoofartikel)

107) Vgl. Van Oordt: a.w., bl. 782; Dirks: t.a.p., bll. 143 e.v.; De Volksstem, 16 Feb. 1898 (hoofartikel); president Kruger se toespraak i.v.m. Wet 1/1897 (Notule Eerste Volksraad, art. 429, 23 Feb. 1897); De Express, 26 Feb. 1897.

skuldiging op die hals gehaal dat hy as outokraat optree.¹⁰⁸⁾ Veral uit Bloemfontein het die Engelse pers baie skerp kritiek gelewer teen hierdie optrede van die Staatspresident van die Z.A.R. sowel as deur die magte wat deur die betrokke wet aan hom verleen is.¹⁰⁹⁾ Na aanleiding van Kruger se pleidooi in die Eerste Volksraad ten gunste van die wet, het The Friend o.a. verklaar:

"President Kruger made a long speech in which he emphasized the urgency of the law being passed at once. Mr. Kruger seems to have worked himself into a white heat, and in a torrent of invective and abuse showed himself in his true light - as an advocate of an unscrupulous autocracy who are seeking only their own ends, no matter how unjust to others, or with what danger to their country.

If the judges did not abide by his law, they would have to go; otherwise the independence of the Republic would not be maintained. The enemies were on the borders, and the arch enemy, Cecil Rhodes, had lately admitted his machinations against this country, and had always done his best to undermine the country, ever on the look out for a casus belli. He saw that even when he prevented the burghers from executing the Banjaland trek. By Raad resolutions the enemy had always been kept at bay, and the Raad must protect the nation. Such an outburst is altogether inexplicable, and shows that for once the astute President of the Transvaal completely lost his head. Of what connection had such a speech with the position of the Judges? We think that the real enemies of the Transvaal are at present gathered in Pretoria trying to force upon the country a law under which no man's liberty, or property, aye, or even his very life would be safe." 110)

Van n simpatiseerder met die saak en strewe van die uitlanders in die Z.A.R. kon n mens nie juis n ander soort kommentaar verwag nie.

Inderdaad het die Eerste Volksraad die Staatspresident deur Wet 1/1897 met uitgebreide magte teenoor die regspraak bekleed en het/dit regters tot n

108) Vgl. Dirks: a.w., hoofstukke IV en V.

109) The Friend, 26 Feb. 1897 (hoofartikel)

110) Ibid.

groot mate aan die gesag van die staatshoof ondergeskik gemaak. In die hande van 'n gewetelose en onverskillige president, wat die Volksraad kon domineer, kon dié bevoegdheid die lewe vir die regters in die staat baie onaangenaam en selfs onmoontlik gemaak het, maar as 'n noodmaatreël, soos dit in die Z.A.R. die geval was, en met 'n man soos Kruger aan die hoof, was dit alleen 'n maatreël waardeur die onafhanklikheid van die Republiek gehandhaaf kon word.

3. Bekragtiging van vonnisse deur die Staatspresident.

Alle vonnisse wat deur die geregshowe van die Z.A.R. gevel is, moes in die openbaar uitgespreek word.¹¹¹⁾ Aanvanklik is deur die Grondwet 'n besonder groot taak aan die staatspresident opgedra in verband met die bekragtiging van vonnisse wat deur die geregshowe uitgespreek is. Die betrokke Grondwetsartikel het naamlik voorgeskryf dat:

"Geen burgerlyk of lyfstraffelyk vonnis word ten uitvoer gelegd dan nadat de tyd van appél, bepaald by art. 151, is verstreken, en bovendien geen lyfstraffelyk vonnis, ter zake van wangedrag of misdad, dan nadat door het Hof dat uitspraak gedaan heeft, daarvan kennis gegeven zal zyn aan den President van den Uitvoerenden Raad, met vermelding of er niet dan al, en zoo ja, welke redenen voor handen zyn, om de straf te verminderen of kwyt te schelden. Is er geen reden van versoening dan kan het vonnis onmiddellyk, na verloop van den tyd van appél, ten uitvoer gebragt worden, en anders zal het antwoord van den President van den Uitvoerenden Raad drie weken ingewacht worden." 112)

Hierdie artikel het 'n byna onmoontlike taak op die skouers van die staatspresident gelê. Aanvanklik het die landdroste aan die vereiste voldoen om uitgesproke vonnisse ter bekragtiging aan die president in te stuur, maar die kommissie wat 22 Mei 1889 deur die Volksraad benoem is om aangaande die voorgestelde

¹¹¹⁾ Grondwet, 1858, art. 149; Wet 1/1874, art. 26 (Locale Wetten der Z.A.R. 1848-1885, bl. 547); Grondwet, 1889, art. 127 (ibid., 1888-1889, bl. 192); Wet 2/1896, art. 151 (ibid., 1896, bl. 55); Konsepsgrondwet, 1899, art. 22, soos goedgekeur per Eerste Volksraadsbesluit, artt. 883-884, 15 Aug. 1899.

¹¹²⁾ Grondwet, 1858, art. 165.

Grondwetswysiging rapport te lewer, het na aanleiding van bogenoemde artikel aanbeveel dat dit moes verval aangesien die artikel lankal in onbruik geraak het omdat dit in die praktyk onuitvoerbaar was.¹¹³⁾ Nadat ook die Staatssekretaris op die onmoontlikheid daarvan gewys het dat die Uitvoerende Raad alle vonnisse wat deur landdroste gevel is, moes nagaan, het die Volksraad die aanbeveling van die kommissie aanvaar¹¹⁴⁾ en het die betrokke bepaling uit die Grondwet van die Republiek verdwyn.

Ten opsigte van die bekragtiging van doodvonnisse wat deur die Hooggeregshof uitgespreek is, het die Grondwet aparte voorsiening gemaak. Die 1858-Grondwet het slegs bepaal dat doodvonnisse alleen bekragtig kon word deur die eenparige besluit van die Uitvoerende Raad.¹¹⁵⁾ Hierdie artikel is nooit verander nie,¹¹⁶⁾ maar in 1899 het Eerste Volksraads-lid J. Wolmarans ernstig gepleit dat dit so gewysig moes word dat n doodvonnis deur n meerderheid van die Uitvoerende Raad bekragtig kon word. Die volk sou, volgens hom, ook so n wysiging verwelkom omdat dit al telkemale gebeur het dat n doodvonnis verander moes word, net omdat die Uitvoerende Raad nie eenparig ten gunste van die bekragtiging daarvan was nie.¹¹⁷⁾ Die Eerste Volksraad was egter nie bereid om so n wysiging aan te bring nie, sodat die status quo gehandhaaf is.¹¹⁸⁾

In 1866 is die kwessie van doodvonnisse nader omskryf toe neergelê is dat geen doodvonnis wat deur die Hooggeregshof uitgespreek is voltrek mog word voor dit nie eers skriftelik deur die Uitvoerende Raad bekragtig is nie, en is die verpligting op die voorsitter van die Hooggeregshof gelê om sodanige vonnis onver-

113) Hierdie kommissierapport is opgeneem in Volksraadsnotule, art. 995, 16 Julie 1889 (Byvoegsel Staatscourant, 24 Julie 1889).

114) Volksraadsnotule, artt. 1032-1033, 17 Julie 1889 (ibid.).

115) Grondwet, 1858, art. 86.

116) Grondwet, 1889, art. 84; Wet 2/1896, art. 109.

117) Notule Eerste Volksraad, art. 885, 15 Aug. 1899.

118) Konsepgrondwet, 1899, art. 123, soos goedgekeur per Eerste Volksraadsbesluit, art. 886, 15 Aug. 1899.

wyld aan die Uitvoerende Raad voor te lê.¹¹⁹⁾ In 1881 is dié aangeleentheid nog verder omskryf deur die hoofregter te verplig om as 'n doodvonnis gevel word, die Uitvoerende Raad te voorsien van 'n rapport van die hele regshandeling en van 'n kopie van die getuienis wat tydens die verhoor afgelê is.¹²⁰⁾

Hierdie prosedure het verskil van dié wat in die O.V.S. gegeld het. As 'n doodvonnis gevel was, moes die staatspresident van al die prosesstukke voorsien word en kon die doodvonnis alleen voltrek word nadat hy sy bekragtiging daaraan geheg het.¹²¹⁾ Nêrens kan enige bepaling gevind word dat hy die toestemming van die Uitvoerende Raad nodig gehad het nie, hoewel niks hom belet het om die Uitvoerende Raad daarvoor te raadpleeg nie. Daarmee was beslis 'n groter verantwoordelikheid op die skouers van die Vrystaatsse president geplaas as op dié van die president van die Z.A.R.

4. Die reg om genade te verleen.

Die staatspresident van die Z.A.R. was met mag bekleed om aan gevonnisdde persone genade te verleen deur hulle 'n gedeelte of die hele straf waartoe hulle gevonnisd is kwyd te skeld. Hierdie mag is egter in twee opsigte aan bande gelê. Eerstens, was die uitoefening van die reg van genadeverlening afhanklik van die goedkeuring, deur meerderheidsbesluit, van die Uitvoerende Raad. Tweedens, kon genade alleen verleen word as die betrokke hof wat die vonnis gevel het so 'n aanbeveling by die Uitvoerende Raad gedoen het, of wanneer die veroordeelde daarom aansoek gedoen het. Voor in laasgenoemde geval genade verleen kon word, moes die Staatspresident en Uitvoerende Raad egter eers die advies van die hof wat die vonnis gevel

¹¹⁹⁾ Ordonnansie 5/1864 (Z.A.R.), art. 89 (soos deur die Volksraad in Oktober 1866 goedgekeur) (Locale Wetten der Z.A.R. 1849-1885, bl. 287-288).

¹²⁰⁾ Proklamasie, 29 Aug. 1881, art. 15 (ibid., bl. 1013).

¹²¹⁾ Ordonnansie 1/1856 (O.V.S.), afd. "Belangende de Regterlyke Magt," art. 11; Wetboek van den Oranjevrystaat, 1854-1891, hoofstuk VIII, art. 145, bl. 163.

het, inwin. Hierdie reg het alleen gegeld t.o.v. strawwe wat in verband met wangedrag en misdaad opgelê is.¹²²⁾

By die hersiening van die Grondwet in 1899 is by die Eerste Volksraad aanbeveel dat hierdie betrokke artikel aldus gewysig moes word:

"De Staatspresident met den Uitvoerenden Raad heeft het recht straffen door rechterlyk vonnis opgelegd kwyt te schelden of te verminderen. Hy oefent dat recht uit na het advies te hebben ingewonnen van den rechter die het vonnis heeft uitgesproken. Amnestie en abolitie worden niet dan by eene wet toegestaan." 123)

Die eerste twee alineas van hierdie artikel het geen verandering ten opsigte van die bepalings van vorige grondwette meegebring nie,¹²⁴⁾ maar in die derde alinea is n saak aangeroer wat voorheen in nog geen wet van die Z.A.R. voorgekom het nie. Die Volksraadslede het veral beswaar gehad teen die woorde amnestie en abolitie, want blykbaar het min van hulle geweet wat hierdie woorde beteken en het omtrent elkeen sy eie verklaring daaraan geheg.¹²⁵⁾ Die Staatsprokureur het egter die knoop deurgehak deur die volgende verduideliking te gee:

"Wat de derde alinea van dit artikel betref, moest ZEd. Gestr. zeggen, dat 'abolitie' vernietigen is, van alles, ten gevolge van eene misdaad voor het gerechtelyk onderzoek. Zeg eene misdaad wordt gepleegd, en de dader wilde hebben, dat hy niet vervolgd zal worden, dan kon hy zich byv. tot de Regeering wenden en deze vragen om hem vooraf geheel en al kwyt te schelden en zelfs, dat hy niet terecht zal staan. Waar de Regeering zulks kon toestaan, beteekende dat het recht van abolitie en dat recht wordt specifiek door dit artikel weggenomen, tenzy het by wet is aangehaald. Amnestie bepaalt eene algemeene kwyttschelding en abolitie een kwyttschelding in een specifiek geval voor dat terechtstelling heeft plaatsgevonden." 126)

122) Grondwet, 1858, art. 83; *ibid.*, 1889, art. 80; Wet 2/1896, art.105.

123) Konsepgrondwet, 1899, art. 75 (opgeneem in Notule Eerste Volksraad, art. 594, 25 Julie 1899).

124) Notule Eerste Volksraad, art. 776, 8 Aug. 1899: verduideliking van Staatsprokureur.

125) Kyk bespreking in Notule Eerste Volksraad, art. 776, 8 Aug. 1899.

126) *Ibid.*

Ongetwyfeld was die invoeging van hierdie nuwe klousule in die artikel geïnspireer deur die gebeurtenisse wat in 1896 onmiddellik na die mislukte Jameson-inval plaasgevind het. Wel was daar toe nie sprake van abolitie, in die sin soos deur die Staatsprokureur hierbo verduidelik nie, maar is amnestie deur die Staatspresident, met advies en toestemming van die Uitvoerende Raad, verleen aan al die opstandelinge wat reeds hulle wapens en ammunisie neergelê het, of dit voor of op 10 Januarie 1896 sou doen. Die leiers was egter hiervan uitgeslote.¹²⁷⁾ Die leiers is deur die Hooggeregshof verhoor en swaar gevonniss, maar die Staatspresident en Uitvoerende Raad het, gebruik makende van die reg om genade te verleen, die vonnisse geweldig verminder.¹²⁸⁾

Die Eerste Volksraad was van gevoel dat hierdie reg van die staatspresident om amnestie en abolitie te verleen aan bande gelê moes word, en het derhalwe besluit om die hierbo genoemde aanbeveling goed te keur sodat in die toekoms dit alleen met toestemming van die Eerste Volksraad by wyse van wetgewing kon geskied.¹²⁹⁾

Die Grondwet van die Z.A.R. skep deur die bevoording dat vonnisse deur die president en Uitvoerende Raad verminder of heeltemal kwytsgekeld kon word die indruk dat sodanige vermindering of kwytskelding n verandering is van die vonnis wat deur die betrokke hof uitgespreek is. Dit was egter nie die geval nie want aan die vonnisse kon, weens die onafhanklikheid van die Regbank, geen verandering deur die Uitvoerende gesag aangebring word nie. Die vonnis het in ieder geval bly staan maar n veroordeelde het genade ontvang van die staatshoof, waardeur sy vonnis geheel of gedeeltelik kwytsgekeld is. So het die owerheid van die Z.A.R. dit ook

127) Proklamasie, d.d. 9 Jan. 1896 (Staatscourant, 15 Jan. 1896).

128) Botha: a.w., bll. 401-402; J.H. Hofmeyr: The Life of Jan Hendrik Hofmeyr, Kaapstad, 1913, bll.496-497; Van Oordt: a.w., hoofstuk LX.

129) Notule Eerste Volksraad, art. 777, 8 Aug. 1899.

verstaan,¹³⁰⁾ en so is dit ook verstaan deur diegene wat by die president en Uitvoerende Raad om genadeverlening aansoek gedoen het.¹³¹⁾

In die Konstitusie van die O.V.S. is die genadeverleningsreg van die staatspresident duideliker omskryf:

"De Staatspresident met eene meerderheid van den Uitvoerenden Raad zal het regt van genade in alle crimineeie vonnissen uitoefenen." 132)

Hierdie artikel is in 1856 deur die Volksraad nader gekwalifiseer deur die verklaring:

"Dat door Crimineele Vonnissen, waar over de Staats President met den Uitvoerenden Raad het regt van Genade heeft - dat is, van vryschelding of vermindering van straf, - zullen worden verstaan, Vonnissen op de Grovere misdaden van Moord, Manslag, Brandstichting, Huisbraak, Dieveryen en dergelyke, voor de Hoogere of Rondgaande Geregthof geproseeueerd...." 133)

Terselfdertyd is ook bepaal

"dat de President alleen geregtigd zyn zal, om vrylating of vermindering van Straf of Boeten te authoriseeren, op Vonnissen door de mindere Geregthoven van de Landdrosten of Landdrost en Heemraden uitgesproken, of van Boeten, verbeurd wegens het niet tydig betalen van Heeren Regten, of onder Post Contracten en dergelyke overtredingen." 134)

130) Vgl. bv. Notule Uitv. Raad, art. 7, 1 Junie 1870: "Wordt besloten memorialisten te antwoorde, dat die Uitvoerende Raad geen regt heeft volgens de thans bestaende wetten van dezen Staat eenige verandering in het vonnis van P.J. Lourens te maken." Ibid., art. 193, 12 Okt. 1875: "Besloten te antwoorde, dat het den Uitvoerenden Raad leed doet aan zyn verzoek niet te kunnen voldoen, daar die Uitvoerende Raad volgens Grondwet art. 62 geene magt heeft om de vonnissen van het geregthof te veranderen."

131) Die volgende is enkele voorbeelde van die letterlik duisende aansoeke wat aan die Uitvoerende Raad ingestuur is: R.4387/61; R.66/63; R.1101/64; R.70/65; R. 1342/65; R.826/66; R.897/67; R.1108/67; R.30/68; R.926/74. By die deurlees van die Uitvoerende Raadsnotule staan mens eenvoudig verstom oorhoeveel sodanige aansoeke deur hulle behandel is en in hoeveel gevalle genade verleen is.

132) Konstitusie (O.V.S.), 1854, art. 35; *ibid.*, 1866, art. 37 (Scholtz: a.w., bylae 1 en 2); Wetboek van den Oranjevrystaat 1854-1891, bl. 16.

133) Ordonnansie 1/1856 (O.V.S.) afd. "Betrekkelyk de Uitoefening van het Regt van Genade," art. 1.

134) *Ibid.*

In laasgenoemde opsig het die bevoegdheid van die Vrystaatse president dus verskil van dié van die Z.A.R., want laasgenoemde kon in alle gevalle slegs met toestemming van die Uitvoerende Raad die genadeverleningsreg uitoefen.

Blykbaar was nie een van die twee staatspresidente aan die onderskeie Volkswade verantwoording verskuldig in verband met genade wat deur hulle aan veroordeeldes verleen is nie. In die O.V.S. kon geen geval aangetref word waarin teen die genadeverlening deur die staatspresident of Uitvoerende Raad by die Volksraad geappelleer is nie.¹³⁵⁾ In die Z.A.R. het die president en Uitvoerende Raad ook nooit aan die Volksraad verslag gedoen in verband met hulle be- genadigingsoptrede nie.

In 1886 het die toepassing van die reg van genade deur die Staatspresident en Uitvoerende Raad in die saak Die Staat vs. Nellmapius¹³⁶⁾ die Uitvoerende gesag in 'n botsing met die Regterlike mag laat beland. A.H. Nellmapius is op 29 September 1886 deur regter C.J. Brand as voorsittende regter van die Rondgaande Geregshof tot 18 maande tronkstraf veroordeel nadat hy skuldig bevind is op 'n aanklag van geldverduistering. Die regter het egter enige regs-punte op versoek van Nellmapius se advokaat vir beslissing deur die volle Hooggeregshof gereserveer.

Na aanleiding van versoeke van Nellmapius se vriende en van homself, waarin hulle hulle op die genade van die Staatspresident en Uitvoerende Raad beroep het, het die Uitvoerende Raad, ooreenkomstig die bepalings van die Grondwet, regter Brand om sy advies in dié verband gevra. Brand het geantwoord dat die versoek nie vir hom duidelik was nie en die Uitvoerende Raad daarop gewys dat hulle hulle nie met die regspleging, waarby wets-punte voorbehou was, moes in-meng nie. Die antwoord van die Uitvoerende Raad was

135) Scholtz: a.w., bl. 115.

136) Die besonderhede wat hier volg is ontleen aan Dirks: a.w., bll. 26-33; Van Oordt: a.w., bll. 464-465; E.A. Walker: Lord de Villiers and his Times, London, 1923, bll. 191-192. Vgl. ook hoof-artikels in De Volksstem, 7 Okt. 1886 en 18 Okt. 1886.

dat hulle hulle nie met die regspleging wou inmeng nie, en hulle versoek Brand om sy advies onmiddellik aan hulle te gee omdat hulle hulle by die punte wat in die versoekskrif voorkom, wou bepaal. Weereens het die regter, nadat hy by herhaling versoek is om sy advies voor te lê, geantwoord dat hy verplig is om die Uitvoerende Raad se aandag in alle erns daarop te vestig dat hulle hulle nie met die regspleging van die staat moes inlaat nie.

Ook die Staatsprokureur is deur die Uitvoerende Raad genader om vas te stel of die terughouding van wetspunte vir verhoor deur die Hooggeregshof die Uitvoerende Raad kon belet om die reg van genade uit te oefen, waarop dié amptenaar geantwoord het dat, hoewel die wette van die staat geen voorskrif daaromtrent gee nie, dit die gewoonte was dat genoemde reg alleen uitgeoefen word in die geval van definitiewe, d.w.s. finale vonnisse. Aangesien die vonnis van Nellmapius nog nie definitief was nie, was die Staatsprokureur van opinie dat die President en Uitvoerende Raad bietjie haastig was en het hy hulle aangeraai om te wag tot die Hooggeregshof eers sy beslissing ten opsigte van die gereserveerde wetspunte gegee het.

Nadat Nellmapius op 4 Oktober 1886 die gereserveerde wetspunte teruggetrek het, het die Uitvoerende Raad sy versoekskrif in behandeling geneem en hom sy vonnis ten volle kwytskeld, waarop regter Brand as protes sy bedanking ingedien het. Ten volle oortuig dat hulle nie buite die wet opgetree het nie, het die Uitvoerende Raad die bedanking aanvaar.

Hoofregter Kotze was op die tydstip uitstедig en besig met Rondgaande Hofsittinge. Hy het onmiddellik na Pretoria teruggekeer, gelas dat Nellmapius weer gearresteer moes word en in 'n brief aan die Staatspresident sy leedwese te kenne gegee oor die optrede van die Uitvoerende Raad, aangesien die Hooggeregshof nog oor die gereserveerde wetspunte moes beslis. Hy skrywe o.a. dat die Regering waarskynlik met die beste bedoelinge opgetree het, maar dat hulle gedwaal en hulle met 'n hangende saak ingelaat het. Derhalwe moes hy die herinhegtenisname van Nellmapius gelas totdat

die Hooggeregshof sy beslissing gegee het. Aangesien die saak nou weer in die hande van die voltallige Hooggeregshof was, het hy dit as voorbarig en onwettig beskou indien die owerheid weer sou ingryp voor die Hooggeregshof se uitspraak bekend was.

Die Hoofregter kon die Uitvoerende Raad egter nie oortuig dat hulle optrede onwettig was nie, want in artikel 93 van die Grondwet word van n uitgesproke vonnis gespreek. Daarom het die Uitvoerende Raad besluit om nie weer op die ingeslane weg terug te keer nie, maar hulle beslissing te handhaaf. Die stap wat nou gedoen is, was beslis voorbarig. Aan die Landdros van Pretoria is naamlik opdrag gegee om die reeds genome Uitvoerende Raadsbesluit, waarvan ook al d.m.v. proklamasie aan die publiek kennis gegee was, toe te pas sodra die Hooggeregshof uitspraak gedoen het. Tereg het hoofregter Kotze en strafregters S.G. Jorissen en E. Esselen aan die Staatspresident geskrywe dat hulle vanweë dié opdrag met gebonde hande gesit het en dat hulle nie geweet het of hulle onder die omstandighede nog as n Hof van Appél kon sit nie, want prakties het die Uitvoerende Raad se besluit daarop neergekom dat die Hooggeregshof kon beslis wat hy wou, maar die veroordeelde sou in elk geval vrygestel word. Die regters noem hierdie optrede van die Uitvoerende Raad n dwaling en wys die Uitvoerende Raad daarop dat solank die besluit nie herroep word nie, daar op die regte van die Hooggeregshof inbreuk gemaak word. Hulle vestig die aandag van die Uitvoerende Raad daarop dat die vonnis wat deur regter Brand gevel is, wel n uitgesproke vonnis was, maar hangende appél was dit nog onseker of die vonnis toegepas sou word of nie, en dat geen genade verleen kon word voordat n eindvonniss gevel was nie.

Wat die afloop van hierdie botsing sou gewees het, is moeilik om te voorspel, maar gelukkig het dit tot n einde gekom toe die Hooggeregshof na die verhoor van die gereserveerde wetspunte tot die beslissing gekom het dat die punte ten volle gegrond was, en die heer Nellmapius gevolglik ontslaan is. Daarmee het die Hooggeregshof feitlik die stryd gewen want die eerste voorlopige vonnis is nie deur die genade van die

Staatspresident en Uitvoerende Raad opgehef nie, maar deur die beslissing van die voltallige Hooggeregshof.

Hierdie reg om genade te verleen, wat die presidente van die Z.A.R. en O.V.S. kon uitoefen, het gedeeltelik ooreengestem met die mag wat aan die Amerikaanse president verleen is

"to grant reprieves and pardons for offences against the United States, except in cases of impeachment." 137)

Die enigste verskil was dat die Amerikaanse president alleen sodanige genade kon verleen, terwyl die Boere-staatspresidente dit alleen met toestemming van die Uitvoerende Raad kon doen, behalwe in die geval van vonnisse deur die laer howe gevel, waar die president van die O.V.S. alleen die reg van genade kon uitoefen. Die genadeverleningsmag van die Amerikaanse president was 'n erfenis van die ou-ou prerogatief van die Engelse konings,¹³⁸⁾ en Scholtz sien die klousule in die O.V.S.-konstitusie as 'n waarskynlike oornome van artikel 66 van die Hollandse Grondwet:

"De Koning heeft het regt van gratie van straffen door rechterlyke vonnissen opgelegd." 139)

Tog kon die Amerikaanse president ook nie na willekeur genade verleen nie, maar net soos die Staatspresident van die Z.A.R. eers die advies van die regter wat die vonnis uitgespreek het moes inwin, het hy die reg ook alleen uitgeoefen op aanbeveling van die Departement van Justisie, nadat laasgenoemde 'n noukeurige studie van die betrokke saak gemaak het.¹⁴⁰⁾

137) Konstitusie (V.S.A.), artikel II, seksie 2(1).

138) Vgl. Munro: a.w., bl. 195.

139) Scholtz: a.w., bl. 27.

140) Munro: a.w., bl. 195.